



# GEHS

Government Employees  
Housing Scheme

Ons  
verwelkom  
jou graag tuis



IN VENNOOTSAP MET



SA Home Loans

# ONS HET 'N PUIK BELEGGING TUISGEBRING

Huiseienaarskap is een van die grootste finansiële beleggings wat jy waarskynlik ooit sal maak – en van selfs groter belang – die beste belegging wat jy vir die sekuriteit en gerief van jou gesin kan maak.

Die Departement van Openbare Werke en Administrasie (DPSA), Staatsdiens-pensioenfondse (GEPF) en die Openbare Beleggingskorporasie (PIC) het saamgewerk om 'n vennootskap met SA Home Loans aan te gaan ten einde huisfinansierings-geleenthede deur die Staatsdiens Werknemers Behuisingskema (GEHS) aan te bied, wat kwalifiserende lede in staat sal stel om hul eie huise te besit.

## SA HOME LOANS BIED JOU 'N SPESIALE AANBOD

By SA Home Loans sal jy BBP-behandeling ontvang wat jy nie elders sal kry nie, omdat SA Home Loans dinge anders doen.

- SA Home Loans is nie 'n bank nie. Ons is ook nie 'n verbandskepper nie. Ons is 'n spesialis voorsiener van huislenings wat geld vir huislenings voorsien net soos die banke.
- Ons behartig NET huislenings. Daarom beskik ons oor die fokus en kundigheid om jou die heel beste produkte, diens en kundigheid te bied.

- Hulle is trots op hulle kliëntediens, en word elke jaar as “Beste in Huislenings” ingestem in landwye media-opnames. Hulle vriendelike konsultante maak seker dat hulle jou unieke omstandighede verstaan, help jou om jou aansoek te voltooi en staan jou regdeur die proses by. Hulle sal jou ingelig hou oor jou huislening, alles aan jou verduidelik en die hele proses maklik en aangenaam maak.

Indien jy tans 'n verband op jou huis het, maak seker om met SA Home Loans te gesels om vas te stel wat jy kan bespaar deur jou verband oor te dra. Indien jy tans huur of daaraan dink om 'n huis te koop, sal 'n SA Home Loans konsultant jou kan bystaan om te bepaal wat jy kan bekostig en jou 'n deeglike oorsig van die huiskooppes gee.

Ons is opgewonde daarvoor dat ons 'n vennoot gevind het wat ons lede sal help om huiseienaarskap deur GEHS moontlik te maak, en jou so te help om in jou toekoms te belê.



# NOODSAAKLIKE DOKUMENTE

Jou SA Home Loans konsultant sal jou bystaan in die aanvang van die proses, maar jy moet die volgende dokumente voorsien om jou aansoek vir 'n huislening te laat verwerk. Enige uitstaande dokumente mag verdragings meebring – kry dus al dié dokumente gereed voordat jy aansoek doen, vir die vinnigste moontlike respons. Onthou, 'n konsultant is beskikbaar om jou te help indien enigiets onduidelik is.

- Laaste drie maande se betaalstrookies
- Afskrif van ID
- Afskrif van huweliksertifikaat en/of huwelikskontrak
- Afskrif van kooporeenkoms\*
- 3-maande persoonlike bankstate
- Diegene wat kommissie verdien: bewys van laaste 3 maande se kommissie-inkomste

INDIEN JOU AANSOEK OP 'N GESAMENTLIKE INKOMSTE BERUS, MOET ELKE PERSOON WAT TOT DIE INKOMSTE BYDRA, DIÉ DOKUMENTE VOORSIEN.

\*Let wel: Indien jy jou verband **VERSKUIF** van 'n bestaande finansiële instelling na SA Home Loans, hoef jy nie 'n afskrif van die kooporeenkoms te voorsien nie. Ons het egter die laaste 3 maande se verbandstate en jou nuutste nutsrekening nodig.

SA Home Loans bied ook die GEHS Housing Access Loan, wat gebruik kan word om 'n huis te koop, te bou of te herstel sonder titelakte. Om meer uit te vind, skakel gerus 0860 4444 17 of stuur 'n epos na [HousingAccess@sahomeloans.com](mailto:HousingAccess@sahomeloans.com).

# STAP VIR STAP GIDS TOT HUISFINANSIERING



## 1. VIND UIT WAT JY KAN BEKOSTIG

Voordat jy met die proses begin, moet jy seker maak dat jy weet wat jy kan bekostig. Gesels met 'n konsultant of gebruik die aanlyn huislening berekeningsfasiliteit op [www.sahomeloans.com](http://www.sahomeloans.com) om om vas te stel vir hoeveel verbandfinansiering jy kwalifiseer, gebaseer op jou inkomste of gesamentlike inkomste.



## 2. DOEN AANSOEK VIR 'N HUISLENING

Nadat jy 'n koopaanbod onderteken het vir die huis wat jy wil koop, moet jy 'n formele aansoek vir 'n huislening by SA Home Loans indien. Jy kan dit aanlyn doen by [www.sahomeloans.com](http://www.sahomeloans.com), of jy kan die Kontaksentrum by 0860 2 4 6 8 10 skakel. Jy kan ook met 'n konsultant gesels wat jou sal besoek - kontak jou naaste tak deur die lys van takke onder Kontak SA Home Loans te raadpleeg. Hierdie is nie 'n ingewikkelde proses nie - en 'n konsultant sal jou met graagte deur die proses neem indien enigiets onduidelik is.



## 3. VERSAMEL AL DIE NOODSAAKLIKE DOKUMENTASIE

Hierdie is jou belangrikste verantwoordelikheid in die proses. Ons het 'n lys voorsien van die dokumente wat vereis word om jou aansoek te vergesel. Kry al die vereiste, opgedateerde dokumente gereed om die proses te versnel. Wanneer jou konsultant oor alles beskik, sal hy/sy die res behartig. Sonder die korrekte dokumente kan hy/sy egter nie voortgaan nie!



## 4. KREDIET GOEDKEURING

Ons kredietspan sal nou die krediettaksering voltooi met die dokumentasie wat voorsien is, sowel as inligting oor jou huidige kredietstatus wat van 'n kredietburo verkry is. Indien alles in orde is, sal jy kennisgewing van goedkeuring van jou verbandaansoek ontvang. Die goedkeuring is onderhewig aan die voltooiing van die evaluering. Indien daar 'n probleem is, sal 'n konsultant met jou in verbinding tree om 'n moontlike oplossing te bepreek.



## 5. EVALUERING VAN DIE EIENDOM

SA Home Loans sal met 'n kundige takseerder 'n afspraak reël om die waarde van die eiendom wat jy wil koop, te bepaal. Ons sal dit met die eienaar, ontwikkelaar of eiendomsagent reël. Let wel, dié evaluering sluit nie 'n ondersoek na enige defekte of probleme met die eiendom in nie, soos krake of lekkende dakke - dit is jou eie verantwoordelikheid.



## 6. ONDERTEKENING VAN DIE AANVAARDINGSBRIEF (AB)

Wanneer jou krediet goedgekeur en die evaluering voltooi is, word 'n huisleningsvoorstel genaamd die Aanvaardingsbrief, opgestel. Dit bevat besonderhede van al die kostes, rentekoers, aangewysde maandelikse paaielement en ander belangrike inligting vir jou om te oorweeg en te onderteken. Jou konsultant sal hierdie uitgawes en besonderhede met jou bespreek.



## 7. AKTEBESORGING

Nou neem die regsproses 'n aanvang! 'n Prokureur (uit ons nasionale paneel) sal al die vereiste verbandregistrasie-dokumentasie voorberei en 'n afspraak met jou reël om dit te onderteken. Reël om so spoedig moontlik alles te onderteken sodat die proses nie vertraag word nie. Die prokureur sal alle besonderhede van die dokumentasie met jou deurgaang.



## 8. VERBANDBESKERMER PLAN

Die koop van 'n woning is een van die grootste beleggings wat jy ooit sal maak. Ons Verbandbeskermer-plan bied aan jou gemoedsrus in die wete dat jy en jou gesin teen ontydige dood of ongeskiktheid beskerm sal word. 'n Konsultant sal met jou in verbinding tree en jou deur die proses neem om dié belangrike dekking te bekom.



## 9. VOORLEGGING VAN VERBAND

Wanneer jy die dokumentasie onderteken het, sal die prokureur jou verband vir registrasie voorlê.



## 10. REGISTRASIE

Nou moet jou verband by die toepaslike Aktekantoor geregistreer word. Dit is 'n regsproses wat van tyd mag neem. Jou prokureur sal jou in kennis stel wanneer dit voltooi is.



## 11. EIENAARSKAP

Vanaf die datum waarop die Aktekantoor-registrasie plaasvind, is jy die trotse eienaar van jou nuwe woning. Van nou af begin jy om jou verbandpaaielemente te betaal - sowel as versekering, verbandbeskerming, alle tariewe, belastinge en nutskostes wat met jou woning verband hou.



## 12. INSTANDHOUDING

Huiseienaarskap is wonderlik, maar dit gaan gepaard met 'n verantwoordelikheid om jou eiendom in stand te hou sodat jy seker maak dat die geld wat jy belê het, nie vermors word nie. Huise vereis heelwat tyd en geld om dit in 'n goeie toestand te hou, maar dis geld wat wyslik bestee word omdat dit baie duurder is om dinge te vervang as om dit in stand te hou. Gee spesiale aandag aan items soos deurkosyne en vensterrame van hout, geute, dakke, heinings en swembaddens omdat deurlopende instandhouding jou op die lange duur geld spaar en die waarde van jou huis bestendig hou.

# KONTAK SA HOME LOANS

Is jy gereed om aansoek te doen? Jy kan aanlyn by [www.sahomeloans.com](http://www.sahomeloans.com) aansoek doen of jy kan **0860 2 4 6 8 10** skakel om 'n aansoek by ons Verkopekontaksentrum te voltooi, of kontak een van ons takke hieronder.

## Gauteng

SA Home Loans House (Midrand) **011 745 5000**  
Vereeniging **016 932 1251**

## KwaZulu-Natal

Durban (La Lucia) **031 576 5901**  
Durban (Highway) **031 764 9240**  
Richardsbaai **035 789 0620**  
Pietermaritzburg **033 347 5212**

## Limpopo

Polokwane **015 287 7960**

## Wes-Kaap

Kenilworth **021 514 8222**  
Tyger Valley **021 514 8000**  
Somerset-Wes **021 850 0180**  
George **044 803 8500**

## Oos-Kaap

Oos-Londen **043 706 3500**  
Port Elizabeth **041 398 3700**

## Vrystaat & Noord-Kaap

Bloemfontein **051 400 9100**

## Mpumalanga

Witbank **013 692 7051**  
Nelspruit **013 752 7103**

## Noordwes

Rustenburg **014 597 0898**

[www.sahomeloans.com](http://www.sahomeloans.com)

B's & V's geld. Verwys asseblief na [www.sahomeloans.com](http://www.sahomeloans.com) vir meer besonderhede.  
SA Home Loans is 'n Gemagtigde Kredietverskaffer. Registrasienommer NCRCP1735.



BOND WITH US **SA Home Loans**